

Hoofstuk van die dag: Psalm 4

> *Die Here hoor as ek na Hom roep. As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby! (vers 4-5)*

In hierdie aandgebed is daar twee gemoedstemmings. Eers word die sake wat ’n mens gedurende die dag onrustig gemaak het, in perspektief gestel. Daarna, as jy rus in God se

teenwoordigheid vind, kom daar vrede oor jou en kan jy rustig aan die slaap raak.
Die psalm verwoord die gevleuelde uitspraak van die kerkvader Augustinus, wat gesê het ’n mens se siel bly onrustig in hom totdat dit rus vind in God. Hierdie rus kom ten spyte van wat mense doen en sê. Die profeet Jesaja skryf in Jes 50:8-9a: “Hy wat my onskuldig sal verklaar, is naby; wie wil ’n klag teen my inbring? […] Die Here my God help my; wie sal my dan skuldig verklaar?” Dit som die boodskap van Psalm 4 goed op. Dit is ook wat Paulus in Romeine 8:33-34 skryf: “Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026